

**KORTOM**

- Litigasie oor GMO's in Suid-Afrika is in sy kinderskoene, hoewel wetgewing bestaan. Of die wet aan verbruikers genoeg beskerming bied sonder om voedselproduksie te knou, sal eers met verloop van tyd duidelik word.
- In Amerika word boere beskerm teen regsgedinge deur Monsanto as hulle minder as 1% GMO's in hul landerye het.
- Australiese howe meen boere wat GM gewasse wettig verbou, kan nie verantwoordelik gehou word as hul bure se gewasse daarmee in aanraking kom nie.



**LINKS:** Die Amerikaanse howe het bevind boere wat meer as 1% GM gewasse in hul landerye het (al is dit weens toevallige kontak, soos insekte of die wind), geniet nie regsbeskerming teen regsgedinge van Monsanto nie. FOTO: HTTP://WWW.SALON.COM/2013/05/13/MONSANTO_WINS_SCOTUS_CASE_OVER_GENETICALLY_ENGINEERED_SOY_BEANS_AP/

**BO:** Mnr. Neil Dercksen.

# Só sê die wet **oor GMO's**

Daar was nog min hofsake oor geneties gemanipuleerde organismes in Suid-Afrika, maar die wetgewing bied wel 'n mate van beskerming aan verbruikers.

Geneties gemanipuleerde organismes (GMO's) bly een van die mees omstrede onderwerpe in die landbou én vir verbruikers. Daar is oënskynlik nog geen eenstemmigheid oor die invloed wat die gemanipuleerde teelmateriaal op mense, diere en die aarde sal hê nie. Mense ten gunste van GMO's betoog dis die enigste manier om die sowat 9 miljard mense wat teen 2050 op die aarde gaan leef, te voed, maar tog laat net drie lande in Afrika dit toe. Wêreldwyd is daar 23 lande wat dit toelaat.

Gewilde witbrood-handelsmerke in Suid-Afrika het baie hoë vlakke van GM soja, het die African Centre for Biosafety onlangs berig. Watter beskerming (en hoe) bied die reg aan Jan Publiek?

## WETGEWING IN SA

Suid-Afrika het 'n omvattende regulerende regstelsel wat verskeie aspekte van die gebruik van GMO's dek. Die belangrikste daarvan is die Wet op Geneties Gemanipuleerde Organismes (Wet 15 van 1997). Daarin word 'n GMO beskryf as " 'n organisme waarvan die gene of genetiese materiaal gemanipuleer is op 'n wyse wat nie natuurlik plaasvind deur paring of deur 'n natuurlike rekombinasie of deur albei nie".

Die wet word deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye geadministreer. Daar is drie instansies geskep deur die wet, naamlik die Registrateur, die Uitvoerende Komitee en die Adviserende Komitee. Die Departement van Gesondheid het ook 'n jurisdiksie oor die veiligheid van voedsel.

Sekondêre wetgewing wat van toepassing is, is die Wet op Verbruikersbeskerming (Wet 68 van 2008) en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit (Wet 10 van 2004). Die verbruikerswet handel onder meer met die etikettering van produkte wat GMO's bevat. As voedsel meer as 5% GM bestanddele bevat, moet die inligting só op die verpakking aangedui word.

## ENIGSTE PLAASLIKE HOFSAAK

'n Saak tussen die Biowatch-trust en die Registrateur van Genetiese Hulpbronne en vyf ander is tans die enigste gerapporteerde hofsaak in die land waar die bepalings van die GMO-wet oorweeg is. Biowatch is 'n nie-regeringsorganisasie wat hom vir natuurbewaring beywer. Hy was bekommerd dat GMO's 'n omgewingsbedreiging inhou en het daarom die Registrateur in 2000/'01 versoek om sekere inligting, soos 'n lys van alle permitte vir GMO-proefvrystellings en die risikobeoordeling van bepaalde GMO-vrystellings, beskikbaar te stel.

Sy motivering was dat die vrystelling van GMO's gegrond op permitte wat uitgereik is, onder ontoereikende risikobeoordeling biologiese diversiteit kan bedreig. Hy het verder aangevoer dat sy assessering van risikobeoordeling hom in staat sal stel om aanbevelings te maak ten einde die waarde en fokus van risikobeoordeling te verbeter.

In 2002 het hy hom na die Hooggeregshof in Pretoria gewend omdat hy nie voldoende reaksie gekry het nie. Hy het die hof gevra om die versoek tot inligting af te dwing (onder die bepalings van onder meer die GMO-wet en die grondwetlike reg tot inligting).

Die Registrateur van Genetiese Hulpbronne, die Uitvoerende Komitee vir Genetiese Gemanipuleerde Organismes en die Minister van Landbou het die aansoek teengestaan. Drie internasionale biotegnologiemaatskappye (Monsanto Suid-Afrika, Emerging Genetics USA en D&PL Suid-Afrika) het ook toegetree op grond van vertroulikheids-

implikasies wat die aansoek vir dié private ondernemings sou inhou.

Een van die gronde vir teenkanting was dat Artikel 18 van die GMO-wet, wat onderworpe aan uitsonderings is, iemand wat inligting verkry in die uitvoering van sy pligte ingevolge die GMO-Wet verbied om dit bekend te maak, die konstitusionele reg tot inligting toelaatbaar beperk en dat Biowatch derhalwe nie op so reg tot sekere inligting kon aanspraak maak nie.

Die hof het in sy uitspraak in Februarie 2005 onder meer die doel van die konstitusionele reg tot inligting uitgelig, naamlik die bevordering van 'n deursigtige en verantwoordbare Regering. Hy het bevind dat Artikel 18 van die GMO-wet duidelik magtiging vir die bekendmaking van inligting verskaf ingevolge 'n hofbevel, en dat toegang tot inligting noodsaaklik is vir die behoorlike toepassing van die bepalings van die GMO-wet.

Die hof het egter ook bevind dat Biowatch se reg tot inligting nie absoluut is nie, maar onderworpe is aan die konstitusioneel toelaatbare beperking van Artikel 36 van die Grondwet (wat voorsiening maak vir die opweging van botsende belange en in gepaste omstandighede die beperking van 'n konstitusionele reg in 'n demokrasie toelaat).

**Net drie lande in Afrika laat GMO's toe. Wêreldwyd is daar 23 lande wat dit toelaat**

Die hof het uiteindelik die verskaffing van sekere inligting beveel, maar die Registrateur gemagtig om beperkte toegang te gee tot inligting wat onder meer die privaatheid van derde partye sou skend of wat handelsgeheime en soortgelyke inligting bevat.

## BUITELAND

Monsanto speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling en produksie van GMO's. Die maatskappy het boere in Amerika gedagvaar vir patentregskending omdat hoeveelhede van sy GMO's in boere se landerye gevind is.

Die boere wou weer regsbeskerming kry teen toevallige kontak van die maatskappy se GMO's met hul landerye en produkte (weens die wind of insekte). Hul argument was dat die kontak met die GMO's onvermydelik is.

Amerika se hoogste hof van appèl het gedeeltelik in die boere se guns beslis. Die hof wou nie gehoor gee aan die boere se versoek om regsbeskerming te kry teen Monsanto se regsgedinge op grond van beweerde patentregskending nie. Die hof het wel beveel Monsanto mag nie boere dagvaar wie se landerye met minder as 1% GMO's besmet is nie.

In Australië is daar geen toleransie vir selfs 'n klein bietjie GMO's in organiese gewasse nie.

'n Organiese hawer- en rogboer se sertifikaat wat waarborg dat sy produkte organies is, is teruggetrek omdat daar GM kanola, wat sy buurman geplant het, na die organiese boer se plaas versprei het (soos wat in Amerika gebeur het) en in sy hawer en rog opgespoor is. Hy het finansiële verliese gely en sy buurman voor die hof gedaag.

Die organiese boer het egter sy saak in die Wes-Australiese hoë hof teen sy buurman verloor, want die hof het bevind die buurman kan nie verantwoordelik gehou word vir die wettige produksie van 'n GM gewas en die gebruik van sekere oesmetodes nie.

Net die tyd sal leer of Suid-Afrika se GMO-wetgewing en regstelsel voldoende is om die groot vraag na voedsel uit te balanseer met die publiek se behoefte aan gesonde, natuurlike voedsel en sy reg tot deursigtigheid en openbaarmaking. **LBW**

*Die skrywer is 'n prokureur by Rufus Dercksen Prokureurs op Stellenbosch. Hy boer ook naby Beaufort-Wes.*





**Suid-Afrika se grootste vervaardiger (gestig 1984)**

Alle strukture is in voorraad en word op 'n kom eerste, kry eerste-basis verkoop

| STRUKTUURGROOTTE (m) | PRYS | BESKIKBAAR |
|---|---|---|
| 15 x 30 x 4 | R128 600 | 12 |
| 15 x 30 x 6 | R147 000 | 11 |
| 18 x 30 x 4.5 | R170 800 | 9 |
| 20 x 30 x 4.5 | R200 000 | 13 |
| 20 x 60 x 6 | R412 500 | 19 |
| 25 x 30 x 4.5 | R259 900 | 13 |
| 30 x 30 x 6 | R384 000 | 7 |
| 30 x 60 x 6 | R720 000 | 5 |

**SPESIALE AANBOD**

**STRUKTURE SLUIT IN:**

Sink-aluminium-dakplate, pre-gegalvaniseerde kaplatte, fondasie en strukturele boute, dakskroewe en ingenieurstekeninge en sertifikate.

Alle ander groottes beskikbaar op aanvraag. Alle staalwerke is graad 350WA.
Alle pryse sluit oprigting en aflewering uit; BTW is ingesluit.

**Ons is trots op ons diens en integriteit.**

Tugela Steel
*Manufacturers of Quality Steel Structures*

Tel: +27 31 566 4601 | Faks: +27 31 566 5190 | E-pos: sales@tugela.co.za
www.tugelasteel.co.za